

# Okita GYPFLO

**OKITA GYPFLO IS 'N GESUSPENDEERDE VLOEIBARE "TEGNESE GRAAD KALSIUM EN SWAEL". DIE ANDER BELANGRIKE FUNKSIE IS DAT OKITA GYPFLO OOK 'N UITERS GOEIE KALSIUM BRON VIR DIE GROND EN PLANT IS.**

## DOEL EN GRONDVOORDELE VAN OKITA GYPFLO

- Verlaag die sout inhoud van grond deur die uitloging van soute soos Sodium en verplasing met Kalk
- Kan ook toegedien word om Aluminium (Al) toksiteit, Natriumchloried (NaCl) en swaar metale se effekte te verminder
- Is 'n belangrike nutriënt bron van Kalsium en Swael vir die grond en plant
- Waar 'n wanbalans in die Ca:Mg grondinhoud voorkom (te veel Mg en te lae Ca) kan 'n Okita Gypflo toediening normaalweg die verhouding herstel
- Verbeter die grondstruktuur deur die skepping van groter grond poreusiteit wat lei tot:
  - Beter opname van bemestingstowwe veral N,P,K,Ca,S,Cu en Mn
  - Beter saadopkoms tempo a.g.v. 'n sagter grondkors
  - Die skepping van meer poreusiteit verminder dus die probleem van "harde" of toegeslaande grond en maak dit "sagter" en meer produksie vriendelik en soos poreusiteit verbeter verminder grondkompaksie
  - Water opname en lugindringing verbeter as gevolg van groter poreusiteit wat noodsaaklik is vir goeie wortel ontwikkeling
  - Saad en plant se groei vermoë asook nutriënt opname verbeter aansienlik met minder Sodium in grond (Verkieslik < 3%)
  - Verbeter produksie effektiwiteit en onmiddellike nutriënt beskikbaarheid vir grond en plante
  - Verbeterde grond struktuur (vanaf 2 - 8 weke vanaf toediening)
  - Begin om sout inhoud te verminder vanaf so vroeg as 4 weke na toediening
  - Geen grond bewerking
  - Na-oes applikasies hoef ook nie in die grond ingewerk te word nie
  - Dra by tot die stabilisering van humus in grond
  - Versag die nadelige effek van brakwater op besproeiingsgrond
  - Bevorder gunstige grond omgewing vir mikro-organismes en mesofauna (erdwurms)
  - Okita Gypflo se gemiddelde grootte is 5 mikron. Hoe fyner die produk hoe meer effektief is dit wat beteken dat tot 80% vinniger resultate verkry word

## FINANSIËLE VOORDELE

- Hoef nie meganies toegedien te word soos met 'n kalkstrooier nie
- Intensiewe gewasse en boorde kan nou maklik en eenvoudig bereik word d.m.v. besproeiing
- Boorde en intensiewe gewas toediening kan gedoen word vanaf 'n gemonteerde vloeistof tenk
- Maak onderskeid tussen grond regstelling en onderhoudstoediening. Onderhoudstoediening is laer ( $\leq 1$  / jaar)
- Verminder vervoer koste ( $\pm 25L = 1$  Ton grootmaat Gips)
- Koste besparend deur bestaande besproeiing toerusting te gebruik
- Gereelde spoeling van die pypstelsel voorkom blokkering

## PLANT VOORDELE

- Verbeter saadontkieming indien toegedien met grondvoorbereiding of planting
- Versterk en herstel plante na siekte of insek beskadiging
- Versterk plant weerstand teen siekte of miette
- Verhoog Brix inhoud wat skil en selle harder maak en kneusings verminder
- Verbeter selwand struktuur
- Vermeerder die opname van ander nutriënte soos Fosfate, Molibdeen en Boron
- Gewas toedienings kan nou sonder duur implemente gedoen word
- Verbeterde opname van Kalsium vir vrugte en groente gewasse
- Verbeter voorkoming van probleme soos interne vrug verrotting en bitterpit, phytophthora en voorkoming van "holhart" in groente
- Verleng die raklewe van produkte
- Verhoog opbrengs / Ha
- Vir toediening deur besproeiing kan verdunning met meer dele water gedoen word solank die aanbevele volume / Ha toegedien word

## ANDER VOORDELE

- Dien ook as 'n grond-kondisioneerder
- Geen logistieke probleem rakende trokke of eksterne kontrakteurs nie
- Geen probleem met produk storing nie
- Kan enige tyd gedurende die jaar toegedien word
- Nie toksies vir diere of mense nie
- Bevat geen swaar metale of toksiese stowwe nie
- Geen onthoudings periode nie
- Makliker toedienings met meer buigsaamheid rakende tyd bestuur
- Volhoubare verbetering vanaf een toediening

## AANWENDING

Dit is 'n uiters maklike manier om op 'n gereelde basis enkel toedienings te doen, teenoor die lomp en duur metode van Grootmaat growwe Kalk toediening. Okita Gypflo kan toegedien word deur balk spuit, drip sisteme, spilpunte, mikrojets, oorhoofse toedienings asook met lugbespuiting (vliegtuig). Kan ook onder druk, met 'n "vloed spuit straal" of "flood nozzle jet" direk in die grond gespuit word.

### A) Toediening van konsentraat / Ha verdun soos hieronder:

- Skud goed voor toediening (vaste stowwe sak af)

### B) Verdunning: 1 deel Okita Gypflo met 5 dele water

- Die verdunning is geskik vir toediening met spuitpompe
- Vir toediening deur besproeiing kan verdunning met meer dele water gedoen word solank die aanbevele volume / Ha toegedien word

INHOUD	TOEDIENINGSTABEL VIR GROND TOEDIENINGS			
	Kalsium	Sodium	Sand/Leem	Klei
- 16%	%	L/Ha	L/Ha	L/Ha
Swael - 12%	5.0 - 7.0	25 - 50	50 - 75	50 - 75
	7.5 - 10.0	50 - 75	75 - 100	75 - 100
	10.0 - 15.0	75 - 100	100 - 125	100 - 125
	15.0+	100 - 125	125 - 150	125 - 150

*Nota: Mengsels wat aangemaak is moet gebruik word op dieselfde dag*



Reg. No. B 4642 (Act 36/1947)

Vir spesifieke gewas toedienings raadpleeg asseblief die kantoor of agent:

KANTOOR: 086 100 5051  
www.eco-fert.co.za

AGENT BESONDERHEDE:

**eco-fert**  
www.eco-fert.co.za

